NUUSBRIEF
7

23 April 2025

# BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.

# SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae.

# ONS BID VIR

Tema vir die kwartaal: Mense wat Midstream College se leerders ondersteun en help.

Onderwysers en Mnr Rothmann

Liewe Heer

Soos die nuwe skoolkwartaal begin, sê ons dankie vir die geleentheid om saam te leer en te groei. Ons bid vir die onderwysers van Midstream College – gee asseblief vir hulle krag, wysheid en geduld vir die kwartaal wat voorlê. Mag hulle ondersteun en waardeer voel in alles wat hulle doen.

Ons bid ook vir Mnr. Rothmann. Lei hom met wysheid in sy rol as hoof van die skool.
Gee vir hom goeie gesondheid, positiewe leierskap en vrede met elke besluit wat hy neem.

Mag hierdie kwartaal met groei, vriendelikheid en doelgerigtheid gevul wees.

Amen.

# AFRIKAANS 100-JAAR VIERING




*Haar naam is Afrikaans* – Hierdie is die titel van Jo Black se nuutste snit ter viering van Afrikaans as een van SA se amptelike landstale wat vanjaar op 8 Mei ’n volle 100 jaar oud is. MCP gaan óók op hierdie dag Afrikaans vier saam met ons susterskole, Midstream College Hoërskool en Midstream Ridge Laerskool, waar al drie skole vir die heel eerste keer, sáám op die Bondev-veld gaan feesvier! MCP se leerders gaan Afrikaanse idiome op hierdie dag uitbeeld deur hul skoolklere te versier met onderskeidelik ’n hoed, jas of skoene. Hou asseblief die WhatsApp-groep van u kind se registerklas dop vir meer inligting rakende hierdie dag.

# ARTSTRAVAGANZA

ARTStravaganza is ons nuwe formaat van wat die ou Kultuurfees was. Dit sal vir 3 weke duur vanaf 9 Junie tot 26 Junie. Inskrywings open 14 April en **sluit 25 April**.

Daar sal 'n paar kategorieë wees wat wegval aangesien dit voortaan deel van die akademiese program of 'n ander buitemuurse program sal vorm. Die volgende kategorieë sal deel van die ARTStravaganza wees:
Dans, Sang, Afrikaanse Drama, Engelse Drama, Kuns, Instrumentaal en Fotografie.

HOE OM IN TE SKRYF VIR ARTSTRAVAGANZA:

1. Meld aan op die Ed-admin Multi-Portal-toepassing.
2. Kies die ouerportaal.
3. Klik op jou kind se foto.
4. Klik op aktiwiteite.
5. Klik op "Sign Up Activities for Term 2, 2025".

# TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3- leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7- leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.

SCAN THIS QR CODE

TUCK IN

TO GO TO OUR ONLINE SHOP

# TENNIS

Baie sterkte aan die volgende o. 11-tennisspelers wat vanaf 23 tot 26 April aan die Spar Tennistoernooi in Bethlehem deelneem. Hierdie is die grootste laerskole tennistoernooi in die land en ons o. 11's is slaggereed!

o. 11A-seuns: Joël Fourie, Joshua Meintjes, Bernard Boshoff, Hanno van Deventer
o. 11B-seuns: Júan Erasmus, Eldrian Fouché, Izak Vorster, Marco Greyling
o. 11A-dogters: Mia Aucamp, Enna Naidoo, Lea Klerck, Sally Erasmus, Hayleigh Nass

# GRAAD 8-INSKRYWINGS 2026

Graad 8-inskrywings vir 2026 is tot 28 April 2025 oop. Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatingsnavrae kontak me. Anique van Zyl (AniqueV@midstreamcollege.co.za).

# SKOOLUNIFORM

Die leerders mag tans kies of hulle winters- of somersdrag wil dra. Let wel dat 'n leerder volledige somersdrag of volledige wintersdrag moet dra. Winters- en somersdrag mag dus nie gemeng word nie. Die amptelike datum waarop ons na wintersdrag oorskakel, is Maandag 19 Mei.

# JOL & JIVE

Klik hier om u kaartjies te bespreek

